


NR. 10 SARIE WOON 2018/19

ONS INSPIRASIE

ONS STYL

ONS LEWE

SARIE.com

# DIE *mooi* LEWE

Skoonheid en bederf is 'n wenresep as jy wil afwen en ontspan. Lowergroen vrugteboorde, vars plaaslug, stilte, die blou Bolandse berge ... **La Bella Vita Studios** se tien luukse selfsorgeenhede net buite die Paarl beloof presies dit

FOTO'S **SHELDON MOULTRIE PHOTOGRAPHY**



**WENK** Kombineer teksture soos kunsleer, gebreide komberse, houtvloere en aardse kleure met 'n tikkie goudgeel.



**FYN DETAIL**
Die kussings is met leerbeslag afgewerk, wat die tema van die kamer eggo.





## MARE STUDIO

Die fokusmuur in hierdie kamer is plakpapier van perde wat vry hardloop. Kleure van die veld is gebruik en aandag is aan fyn detail gegee. Die bedkopstukke lyk soos saggebreide leer en die antieke gietysterlampskerms herhaal die kleur van die goudkleurige kussings. 'n Gedeelte van die jaarlikse wins van hierdie kamer gaan na die Cart Horse Protection Association (www.carthorse.org.za).



**WENK**
Speel met teksture soos linne, fluweel en ru hout: só skep jy interessante lae en kleurspeling.

**MISTY FOREST STUDIO**
'n Mistieke woud is die inspirasie vir dié eenheid. Sagte skakerings van grysgroen en dennegroen skep kalmte, terwyl die plakpapier, wat diepte en dimensie aan die fokusmuur verleen, spesiaal vir die kamer gedruk is. Hierdie eenheid ondersteun die Greenpop-organisasie wat woude help hervestig (www.greenpop.org).



Hoe salig klink dit nie: met jou aankoms kry jy 'n piekniekmandjie met 'n varsgebakte brood, kaas en smere, asook 'n lekker bottel wyn. Als topprodukte uit die kontrei. Die konsep agter dié luukse selfsorgeenhede van **Jadrick Coetzee** en **Lise Liebenberg** is dat jy kan kom afpak en ontspan sonder dat personeel om jou maal en jy maaltye op 'n bepaalde tyd moet gaan eet. Hulle wou graag teruggee aan die gemeenskap, en elke pragstudio het 'n tema, gekoppel aan 'n liefdadigheid wat deel in die jaarlikse wins. Elsje Schonken van Schonken Interiors (www.schonkeninterior.com, sien haar huis op bl. 124) het lewe gegee aan hul visie.

By La Bella Vita Studios tussen die Paarl en Franschhoek kan jy bloot niks doen en jou siel verkwik in die mooi kamer en omgewing, of dae lank elke uur iets anders beleef. Die wooneenhede is omring deur water en jy kan vir ure na die watervoëls sit en kyk. Of as jy energiek is, kan jy 'n fiets by die kantoor leen of sommer net myle ver stap. Jy kan selfs kajak of visvang (vang en teruggooi). En as jy gepamperlang wil word en gesond wil eet, is die bure, die Santé Wellness Retreat & Spa, binne stapafstand. Elke eenheid het 'n klein kombuis met 'n mikrogolfoond, 'n koffiemasjien en breekgoed wat by die studio se tema pas as jy verkies om self kos te maak.



**BLY BY DIE TEMA**
'n Tema vir 'n vertrek skep harmonie. Hier is woudvoëls saam met soortgelyke boeke en 'n bos vars blare gegroepeer.



**WENK**
Donker hoef nie somber te wees nie, maar moenie helder kleure met swart meng nie: dit laat 'n vertrek hard en goedkoop lyk.









**EBONY STUDIO**
Die swart slaapkamer is een van die gewildste kamers. Die oorgroot vensters en glasdeur gee oorgenoeg lig. Swart en steenkoolgrys is deurgaans gebruik en gee 'n veilige, geborge gevoel. Tot die plafon is dieselfde skakering as die mure geverf. Die oorgroot afdruk van 'n hond vorm die fokuspunt bo die kaggel. Die gekose liefdadigheidsorganisasie is die Gidshondvereniging (www.guidedog.org.za).



## HAVEN STUDIO

Die sagte kleure van die Afrika-savanna is die kleurpalet van hierdie eenheid. Leiklipvloere, 'n klipkaggel en 'n leerbehangsel vertel 'n unieke Afrika-storie. Afdrukke van woestynplante hang bo die bed, en kussings met patroon en tekstuur maak die koningsgrootte bed verleidelik. Die hangstoel is só geplaas dat jy die natuurskoon kan geniet, maar ook die hitte van die kaggel kan voel. ■

**WENK**
Die lae kopstuk van die bed aksentueer die grootte van die bed en gee 'n luukse gevoel.

■ As jy hier wil oorslaap, kontak La Bella Vita Studios by 060 997 9081 of besoek www.labellavitastudios.co.za.

# ONS HOU VAN

Skep 'n warm, knus voorkoms met hout, sagte beligting en 'n mengsel van teksture



Foto La Bella Vita Studios se Misty Forest suite deur Sheldon Moultrie

1



2



3



4



5



6




7



8



9



10



**1** As jy nie groen vingers het nie, is hierdie lugplante net die ding vir jou (R149) **2** 'n Bedkassie met laaie is 'n móét om los items netjies byderhand te hou (R2 199) **3** 'n Hen-en-kuikentafelstel is prakties én mooi (R1 199) **4** Groepeer 'n paar klein tafels saam as alternatief vir een groot koffietafel (R1 999) **5** 'n Rusbank met sulke skoon lyne is tydloos (R8 499)

**6** Die donkergrys fluweel van dié kontemporêre stoel nooi jou om te kom sit (R6 499) **7** 'n Verstelbare leeslamp is net reg vir laataand lees in die bed (R699) **8** 'n Luukse bed vir lekker slaap en droom (R7 999) **9** So 'n muurtafeltjie is veeldoelig in die leef- of slaapkamer (R7 999) **10** Strooikussings bied atmosfeer, gemak, tekstuur en kleur (R399)

# AL IN DIE RONDTE





In die badkamer van elke selfsorgeenheid by La Bella Vita Studios (sien bl. 68) is 'n ronde spieël bo die wasbak geïnstalleer, maar elkeen het 'n ander raam. Dit is dié subtiele detail wat 'n dekortema 'n afgeronde voorkoms gee.





Foto's Sheldon Moultrie Photography



Foto Ryno

## LANDELIK **MET KLIP**

Hier word teëls treffend vervang met leiklip in sagte skakerings. Die vloer met sy reghoekige sandsteenteëls vorm 'n interessante kontras hierby. 'n Wit pootjiesbad dra by tot die aardse voorkoms. Bykomstighede is natuurlik, soos die plank agter die krane, die skaapvel op die vloer en die katoenhanddoek.



**WENK**
'n Oorgroot ronde spieël laat die badkamer nog ruimer en luukser lyk.

## KOPER **EN BLOMME**

Dié droommooi badkamer is in die Blush Studio, een van La Bella Vita Studios se selfsorgeenhede (sien nóg op bl. 68 - 75). Sagte pienk mure, 'n koperbad en oorgroot geblomde plakpapier is iets besonders. Koper bybehore dra by tot die volledige, afgeronde voorkoms. Die koperbad is van Copperbath (www.copperbath.co.za) en plakpapier van Eijffinger. Die liefdadigheidsorganisasie wat voordeel trek uit die verhuring van dié eenheid, is Reach for Recovery (www.reach4recovery.co.za) wat gemoeid is met kankernavorsing.

**WENK**
'n Sweefbadkamerkas sorg vir genoeg voetruimte.

Foto's Sheldon Moultrie Photography